**21 September**

**’n Eiesoortige manier van doen**

**Skrifgedeelte: Judas:3-4,17-23**
**Fokusgedeelte: Judas:20-21**

Eie aan die geloofslewe is ’n eiesoortige manier van doen. Die gelowige se eiesoortige manier van doen, staan in die Judasbrief teenoor dwaalleringe afgeteken. Dwaalleraars het van die genade van God ’n bespotting gemaak. Hulle het gesê: “Jy kan leef soos jy wil, want God se genade sal jou deursien.” Hulle het die genade van God misbruik en as ‘n dekmantel gebruik om losbandig te lewe.

Die antwoord hierop kom in die Judasbrief neer op ’n negatiewe en positiewe manier van doen. Die gelowiges word aan die negatiewe kant opgeroep om ’n bespotting van God se genade met ’n duidelike “nee” te beantwoord. Aan die positiewe kant word gelowiges (as geliefdes) tot hierdie eiesoortige manier van doen opgeroep om te bou, te bid en te bly, terwyl ons die barmhartigheid van Jesus Christus die ewige lewe verwag.

Om jou lewe op die allerheiligste geloof te bou, beteken om jou manier van doen waterpas by Jesus Christus as die hoeksteen te laat inpas. Teenoor ’n willekeurige manier van doen, staan die gebed om deur die krag van die Gees God se wil te doen. Om in die liefde van God te bly (te bewaar), beteken om God se liefde vir jou in jou manier van doen uit te straal. In sy barmhartigheid het Christus die ewige lewe vir jou verwerf.

In gerigtheid daarop leef die gelowige doelgerig hemelgebonde en nie doelloos, aardsgebonde nie. Eie aan die geloofslewe is ’n eiesoortige manier van doen wat saamgevat word in die vier woorde wat met ’n *“b”* begin.

*Sing: Psalm 9:10* *Ds. EJ Tiemensma (Kemptonpark)*